**29 Februarie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 26:1-23**
**Fokusgedeelte: Handelinge 26:16-18**

**God se missie is ook my missie!**

Ná sy aanvanklike aanhouding in Jerusalem in die burg Antonia, is hy in die nag na Caesaréa gebring waar goewerneur Feliks se woning was. Dit was nodig omdat daar in Jerusalem ’n sameswering deur die Jode was om Paulus te vermoor.
Vyf dae ná Paulus se aankoms in Caesaréa arriveer die aanklaers uit Jerusalem, onder leiding van die hoëpriester en begin die verhoor. Maar twee jaar later, met Feliks se terugroeping deur keiser Nero, is die saak nog onbeslis. Gedurende hierdie tyd het Feliks verskeie onderhoude met Paulus gevoer, meer oor die moontlikheid van omkoopgeld as belangstelling in die geloof in Christus.
Feliks se opvolger is Porcius Festus. Paulus se saak kom tot ’n punt. Festus gee aan Paulus ’n keuse: ’n verhoor in Jerusalem voor die Sanhedrin in teenwoordigheid van Festus óf ’n verhoor in Caesaréa voor Festus. Paulus besef dat hy niks goeds van die moontlikhede kan verwag nie: op pad na Jerusalem wag waarskynlik ’n sluipmoord, in Caesaréa geen geregtigheid nie, omdat Festus die Jode se guns wou hê. Daarom sluit Paulus sy hele betoog met die woorde: “Ek beroep my op die keiser!”
Kort ná die verhoor besoek koning Herodes Agrippa II vir Festus. Aangesien Agrippa die Jode beter ken en ingelig is oor hulle godsdiens, vra Festus van hom advies oor die aangeleentheid. Agrippa sê dat hy Paulus eers self wil aanhoor. Wanneer Paulus voor Agrippa verskyn, verduidelik hy dat hy eintlik tereg staan oor die “... hoop op die beloftes wat aan die vaders deur God gedoen is”. In Christus is hierdie hoop vervul! Omdat hy hierdie vervulling aanvaar, is die Jode teen hom vyandig.
Op pad na Damaskus is hy deur ’n hemelse gesig as getuie bestem om met hierdie vervullingsboodskap na die heidene te gaan. Daarom moet hy getuig. God se missie is ook sy missie.
So gaan Handelinge 9:15 nogmaals in vervulling: “... hy (Paulus) is vir My ’n uitverkore werktuig om my Naam te dra *voor* nasies en *konings* en die kinders van Israel.”
Omdat ons met die Heilige Gees gesalf is tot profete, is ons ook bestem tot getuies – God se missie is ook my missie!

*Sing: Psalm 73:12 (1936)*

*Ds. JJ de Kock (Vaalharts)*